## Christus red en lei ons uit die gevangenskap van die sonde

**Lees: Handelinge 12: 1 – 19 Teks: Handelinge 12: 11**

Om tot geloof te kom moet daar by elke gelowige die besef van die sonde wees. Meer nog is dat jy moet besef dat jy nie in jouself verlossing kan vind nie, maar buite jouself. Alleenlik verlossing deur Jesus Christus.

Vir elke gelowige is dit 'n feit dat Jesus Christus sy Verlosser is. Maar weet ons wat hierdie verlossing vir ons inhou? Weet ons hoe ons daarop behoort te reageer?

In ons voorgelese gedeelte kry ons so 'n bietjie geskiedenis. Hier word vir ons vertel hoedat Herodes die goewerneur van Judea die gelowiges vervolg het en veral die apostels. Ons lees hoedat hy Jakobus, die broer van Johannes, in hegtenis neem en hom laat doodmaak.

Die Jode het nie hierop gereageer nie. Daarom, met meer moed laat neem hy Petrus in hegtenis, met die gedagte dat hy hom ook wil doodmaak. Dit is tydens die fees van die ongesuurde brood. Maar omdat dit die fees is wil hy nie onmin veroorsaak nie, en daarom wag hy. Hy stel 16 wagte aan om Petrus op te pas. Hy is bang dat Petrus gaan verdwyn, nes Christus uit die graf verdwyn het.

In die tronk moet Petrus tussen twee soldate slaap, geboei aan albei van hulle. Herodes wil geen kanse vat nie. Intussen is die gemeente in Jerusalem besig om te bid vir Petrus. Tekenend van die gemeente van daardie tyd. Hulle weet dat hulle self nie die mag het om vir Petrus uit hierdie situasie te verlos nie.

Maar dit is juis hier waar ons sien die ingrype van God in die lewe, nie net van Petrus nie, maar al die gelowiges asook die ongelowiges, soos Herodes en die Jode. Terwyl Petrus in die tronk lê en slaap, vasgeboei aan twee soldate, kom 'n engel van die Here en maak hom wakker. Hy sê vir hom in ons teksvers: "Maak jou gordel vas en trek jou skoene aan."

Hierdie daad is 'n daad van gereed maak. Die boodskap is dat hy op reis gaan. Hy moet sy lang kleed optrek tot by die knieë en dan vasmaak sodat hy vinnig kan beweeg en hy moet skoene aantrek. Dit pad word nie kaalvoet gestap nie. So word Petrus wonderbaarlik uit die tronk gelei.

Hierdie woorde van ons teksvers kom in Efesiërs 6 na vore. Dit getuig van gereed maak vir 'n oorlog omdat die gordel en skoene is deel van die wapenrusting. Die gordel van waarheid. En die skoene dui aan die bereidheid om die Evangelei uit te dra.

Petrus het nog werk wat voorlê. Sy tyd vir sterf sal eers later plaasvind. Vir eers is hy uit die tronk en nadat die engel hom los gaan hy na die huis waar al die gelowiges besig is om te bid om hulle te wys dat hy deur die Here uit die tronk vrygelaat is.

As kinders van die Here moet ons besef dat dit die Here was wat ons deur Jesus Christus verlos het uit die boeie en gevangenskap van die sonde. Dit was iets waar ons self nie die mag of vermoeë gehad het om dit te doen nie.

Maar wat is kenmerkend van die gelowige se lewe? Vanuit die wapenrusting van God in Efesiërs 6, moet ons bereidwillig wees om onself gereed te maak vir ‘n stryd. ‘n Stryd nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug en teen Satan self. Ons word omgord met die waarheid. Ons moet ontslae raak van al die valsheid en verkeerde dinge in ons lewens. Alles moet nuutgemaak word. Net soos met die ongesuurde brode. Die ou suurdeeg word weggegooi en nuwes word gemaak sodat daar krag is.

Verder kenmerke is die feit dat die gelowiges gekenmerk word deur hulle voorbidding. Selfs in die wapenrusting in Efesiërs 6 word die gebed as kardinale deel van die werksaamhede van die gelowiges daargestel.

In ons dankbare lewenswandel as kinders van die Here moet daar ‘n gereedheid wees om die oorlog voort te sit. Ons doen dit met selfvertroue omdat ons weet dat Christus alreeds die oorwinning behaal het en ons nou meer as oorwinnaars is.

Ons moet dit biddend doen en onder leiding van die Heilige Gees ons roeping met vreugde en blydskap in hierdie lewe vervul.

**Ds. Neville Boy**
**26 Januarie 2020**